26. 'n Suid-Afrikaanse tekstielvervaardiger neem die Deurlopende Verbetering (BDKT)-siklus aan om produksiedoeltreffendheid te verbeter. Nadat vertragings in die materiaalsnyfase geïdentifiseer is, herontwerp die span die werkvloei en lei personeel op oor nuwe prosedures. Na implementering vererger die kwaliteit van snywerk verswak egter verder en klagtes neem toe.

Op watter stadium van die BDKT-siklus het die besigheid heel waarskynlik misluk en wat volgende gedoen moet word om kwaliteit te herstel?

- A Tree op – omdat die besigheid vorentoe beweeg het sonder om suksesvolle veranderinge te standaardiseer moet hulle terugkeer na die oorspronklike metode.
- B Kontroleer - omdat die span nie die doeltreffendheid van die nuwe werkvloei kon evalueer nie moet hulle prestasiedata insamel en assesser.
- C Beplan – omdat die probleem nie duidelik geïdentifiseer is nie moet die span moet die proses van voor af begin met 'n meer akkurate ontleding.
- D Doen – omdat die span nie die veranderinge soos beplan geïmplementeer het nie moet hulle die opleidingsfase herhaal.

27. In die evaluering van sistemiese gehaltebeheermislukkings in groot Suid-Afrikaanse bedrywe, identifiseer 'n besigheidsontleder verdraagsaamheid teenoor substandaardpraktyke, ondoeltreffende leierskap en strukturele stelselonderbrekings as kritieke aanwysers van sektorale swakheid. Daarbenewens word erosie van openbare vertroue waargeneem as 'n direkte gevolg van langdurige ondoeltreffendheid.

Watter van die volgende sektore strook die akkuraatste met al hierdie aanwysers en verteenwoordig 'n nasionale prioriteitsbekkernis vir gehalteversekeringsliggame?

- A Gesondheidsorgsektor
- B Voedselproduksie sektor
- C Vervaardigingsektor
- D Kleinhandel sektor

28. Jy is deel van 'n strategiese taakspan wat aangestel is om die menslikekapitaal-ontwikkelingsraamwerk van 'n nasionale logistieke maatskappy in Suid-Afrika op te knap. Die maatskappy poog om:

- met nasionale transformasiedoelwitte te belyn.
- toegang tot regeringsaansporings en befondsing te verkry.
- voldoening aan wetgewende vereistes te verseker.
- werknemers toe rus met toekoms-gereed vaardighede.

Na die hersiening van die volgende opsies, watter stuk wetgewing moet die primêre regsgrondslag vorm van die maatskappy se langtermyn vaardigheidsontwikkelings- en opleidingsbeleid en hoekom, met inagneming van beide wetlike nakoming en strategiese voordeel?

- A Wet op Gelyke Indiensneming (WGI), omdat dit billike vaardigheidsontwikkeling vir aangewese groepe vereis en nie-nakoming verbind met potensiële diskwalifikasie van staatskontrakte.
- B Breëbasis Wet op Swart Ekonomiese Bemagtiging (BGSEB), omdat dit 'n maatskappy se besteding aan vaardigheidsontwikkeling koppel aan hul bemagtigingstelkaart, wat mededingendheid in openbare en private tenders direk beïnvloed.
- C Wet op Vaardigheidsontwikkeling (WVO), omdat dit die institusionele raamwerk vir werkplekleer daarstel, insluitend SETA's en vaardigheidsheffings, en opleiding aan nasionale ekonomiese prioriteite koppel.
- D Wet op Arbeidsverhoudinge (WAV), omdat dit kollektiewe bedingingseenhede bemagtig om opleidingsprogramme te beïnvloed en billike arbeidspraktyke te verseker tydens herstrukturering van vaardigheidsontwikkeling.

29. 'n Suid-Afrikaanse elektroniese vervaardiger neem TGB in alle departemente aan. Aanvanklik verg dit groot beleggings in opleiding, prosesmonitering en gehalte-oudits. Met verloop van tyd rapporteer die maatskappy egter 'n afname van 35% in produkdefekte, verminderde waarborgseise en verbeterde kliëntetevredenheid.

Watter van die volgende evalueer die langtermyn-impak van die implementering van TGB op die koste van kwaliteit die beste, en watter strategiese insig bied dit vir bestuur?

- A TGB verskuif alle kostelaste na die beoordelingsstadium, wat impliseer dat besighede voorkomingspogings moet verminder om 'n vinniger opbrengs op belegging te behaal.
- B TGB verminder die algehele koste van kwaliteit deur eksterne en interne mislukkingskoste te verlaag, wat demonstreer dat belegging in voorkoming en beoordeling tot langtermynbesparings lei.
- C TGB verhoog die koste van kwaliteit deur deurlopende opleiding en monitering te vereis, wat daarop dui dat bestuur kwaliteitsbeleggings moet beperk om oorhoofse koste te verminder.
- D TGB verhoog beide voorkomings- en interne mislukkingskoste, wat aandui dat die strategie slegs geskik is vir groot korporasies met hoë winsmarges.

30. Watter van die volgende opsies rangskik die besigheidsfunksies korrek van die mees direkte tot die minste direk betrokke by die implementering van gehaltebeheermaatreëls?

- A Menslike Hulpbronne, Finansies, Bemaking, Produksie
- B Produksie, Aankope, Bemaking, Openbare Betrekkinge
- C Bemaking, Finansies, Administrasie, Produksie
- D Openbare betrekkinge, Administrasie, Aankope, Finansies

BESIGHEIDSSTUDIES
GRAAD 12
RONDE 1 & 2

2024

VORIGE VRAESTEL

MILPARK
EDUCATION



EXPLORE OUR

Comprehensive Undergrad
ONLINE Programmes

Your Pathway to Success



Learn More

www.milpark.ac.za

We've got you. You've got this.

PROVERTO EBW OLIMPIADE- GRAAD 12

BESIGHEIDSTUDIES

RONDE EEN

KIES DIE MEES KORREKTE OPSIE VIR VRAE 1 TOT 30.

IMPAK VAN ONLANGSE WETGEWING OP BESIGHEIDSBEDRYWIGHEDDE – REAKSIE OP EISE VIR REGSTELLING EN GELYKHEID

1. 'n Werknemer in Suid-Afrika mag 'n maksimum van _____ werk.
 - A 8 uur per dag in 'n 5-dag week
 - B 9 uur per dag in 'n 5-dag week
 - C 9 uur per dag in 'n 6-dag week
 - D 10 uur per dag in 'n 6-dag week
2. Wat is die doel van die Wet op Verbruikersbeskerming in Suid-Afrika, veral m.b.t. eise vir regstelling en billikheid?
 - A Bevordering van monopolieë.
 - B Beskerming van verbruikersregte en belange.
 - C Beperking van produkdiversiteit.
 - D Vermindering van mededinging tussen besighede.
3. Watter onlangse wetgewende ontwikkeling in Suid-Afrika fokus op die verbetering van korporatiewe bestuur en deursigtigheid in maatskappye?
 - A Wet op Mededinging.
 - B Wet op Verbruikersbeskerming.
 - C Wet op Gelyke Indiensneming.
 - D Maatskappywet.
4. Hoe dra die Wet op Gelyke Indiensneming by tot die regstelling van historiese werkplekwanbalanse in Suid-Afrika?
 - A Maak voorsiening vir gelyke betaling vir alle werknemers.
 - B Bevorder diversiteit en gelyke geleenthede.
 - C Beperk kollektiewe bedinging.
 - D Verminder werknemervoordele.

PROFESSIONALISME EN ETIEK

5. Hoe dra die Staatsdienskommissie in Suid-Afrika by tot professionaliteit en etiek in die openbare sektor?
- A Moedig korrupsie aan.
 - B Hou toesig oor nepotisme.
 - C Monitor nakoming van etiese standaarde.
 - D Ontmoedig deursigtigheid.
6. Watter regulerende liggaam hou toesig oor die etiese gedrag van ingenieurs en tegnoloë in Suid-Afrika?
- A Institute of Plumbing South Africa (IOPSA).
 - B South African Council for the Architectural Profession (SACAP).
 - C South African Institute of Electrical Engineers (SAIEE).
 - D Engineering Council of South Africa (ECSA).
7. 'n Bekende kleinhandelketting het die volgende in hul jaarverslag gesê:
"Doeltreffende bestuur word as 'n noodsaaklike komponent en bydraer tot die Groep se volgehoue prestasie beskou, wat dit verpligtend maak ongeag die finansiële posisie waarin die maatskappy hom bevind."
- Hierdie benadering tot etiek kan as _____ beskryf word.
- A 'n Narratiewe teorie
 - B 'n Gevolggebaseerde teorie
 - C 'n Beginselgebaseerde teorie
 - D Geen van die bogenoemde nie.
8. Watter onlangse korporatiewe skandaal in Suid-Afrika het tot toenemende ondersoek na korporatiewe bestuur en etiek in die sakektor gelei?
- A Nkandla Skandaal.
 - B Staatskaping-ondersoek.
 - C Steinhoff Internasionale skandaal.
 - D Marikana-slagting.
9. Watter regulerende liggaam in Suid-Afrika hou in reaksie op onlangse etiese bekommernisse toesig oor en verseker professionele gedrag in die rekeningkundige en auditprofessie?
- A South African Institute of Chartered Accountants (SAICA).
 - B Financial Sector Conduct Authority (FSCA).
 - C Law Society of South Africa (LSSA).
 - D Health Professions Council of South Africa (HPCSA).

KREATIEWE DENKE EN PROBLEEMOPLOSSING

10. Watter rol speel tegnologie spilpunte(hubs) en innovasiesentrums in die bevordering van kreatiewe denke en probleemoplossing in Suid-Afrika se tegnologiebedryf?
- A Beperk toegang tot tegnologie.
 - B Bevorder samewerking en kennisdeling.
 - C Ignoreer digitale vordering.
 - D Ontmoedig beginnersondernemings.

11. Watter innoverende oplossings word in Suid-Afrika ondersoek om watergebruik en -bewaring te optimaliseer in reaksie op waterskaarste uitdagings?
- A Moedig waterpraktyke aan wat water vermors.
 - B Ignoreer die behoefte aan waterbesparing.
 - C Verhoging van watertariewe.
 - D Implementering van ontsoutingsaanlegte.
12. Identifiseer die volgende beroemde kreatiewe denker en identifiseer waarvoor hy bekend is.



Figuur 1: <https://en.wikipedia.org/wiki/>

- A Steve Jobs, uitvinder, ontwerper en entrepreneur vir Microsoft.
 - B Steve Jobs, uitvinder, ontwerper en entrepreneur vir Apple.
 - C Elon Musk, uitvinder, ontwerper en entrepreneur vir Apple.
 - D Elon Musk, uitvinder, ontwerper en entrepreneur vir Tesla.
13. Die volgende uittreksel is 'n voorbeeld van watter tipe teorie wat in ag geneem moet word wanneer kreatiewe denke in 'n diverse werkplek toegepas word?
- Die gees van die Afrika-wêreldbeskouing sluit heelheid, gemeenskap en harmonie in wat diep in kulturele waardes vasgelê is.*
- A Inheemse denke.
 - B Kragveldanalise.
 - C Aansporingsdenke.
 - D Beperkende kragte.
14. Hoe het Suid-Afrikaanse besighede kreatief by die uitdagings wat die COVID-19 pandemie gestel het, aangepas?
- A Soos gewoonlik met besigheid voortgegaan.
 - B Afstandwerk en digitale oplossings omhels.
 - C Werknemerwelstand geïgnoreer.
 - D Afhanklikheid van tegnologie verminder.

UITDAGINGS VAN DIE MAKRO-OMGEWING

15. Op 1 April 2022 is die korporatiewe belastingkoers in Suid-Afrika _____
- A verlaag na 27%.
 - B onveranderd teen 28%.
 - C verhoog na 29%.
 - D verhoog na 30%.
16. Hoe beïnvloed die wêreldwye ekonomiese landskap Suid-Afrika se makro-besigheidsomgewing, veral t.o.v. internasionale handel en ekonomiese samewerking?
- A Geïsoleerde impak.
 - B Beperkte eksterne invloed.
 - C Onderling verwante uitdagings.
 - D Verminderde mededinging.
17. Watter makro-ekonomiese uitdaging staar Suid-Afrika in die gesig m.b.t. sy fiskale beleid, veral t.o.v. staatsbesteding en inkomste generering?
- A Begrotingstekort en skuldophoping.
 - B Verlaagde belasting.
 - C Begrotingsoorskot.
 - D Inflasiebeheer.
18. Wat is die prima rentekoers in Suid-Afrika?
- A 6,75%
 - B 7,00%
 - C 11,25%
 - D 11,75%
19. Voltooi die stelling:
- Dit het tot 'n netto afname van 186 000 in die nie-ekonomies aktiewe bevolking gelei. Bogenoemde veranderinge in indiensneming en werkloosheid het daartoe gelei dat die amptelike werkloosheidskoers in die derde kwartaal van 2023 tot _____ gedaal het.
- A 28,4%
 - B 31,9%
 - C 39,2%
 - D 44,7%

MAATSKAPLIKE ROLLE EN VERANTWOORDELIKHEDE

20. Wat is 'n fundamentele plig van Suid-Afrikaanse burgers in die konteks van burgerlike verantwoordelikhede?
- A Betaling van belasting.
 - B Besit van 'n besigheid.
 - C Najaag van slegs persoonlike belange.
 - D Vermyding van gemeenskapsbetrokkenheid.
21. Werkplekforums kan gestig word indien die besigheid hoeveel werknemers in diens het?
- A 50
 - B 100
 - C 500
 - D 1 000
22. _____ probeer om die politieke, taal- of kulturele verskille tussen lande te verstaan om te verhoed dat aannames oor ander lande gemaak word.
- A Organisatoriese bewustheid
 - B Globale bewustheid
 - C Globalisering
 - D Materialisme

BESIGHEIDSFUNKSIES – BEMARKING, MENSLIKE HULPBRONNE EN PRODUKSIE

23. Watter MH-strategie het belangrikheid in Suid-Afrika verkry om topvlak talent te lok en te behou in reaksie op onlangse arbeidsmarkneigings?
- A Uitkontraktering van alle MH-funksies.
 - B Beklemtoning van tradisionele werwingsmetodes.
 - C Prioritisering van werknemerwelstand en werk-lewe-balans.
 - D Vermindering van werknemervoordele.
24. Watter rol speel die Wet op Gelyke Indiensneming in die vorming van MH-praktyke in Suid-Afrika?
- A Bevordering van diversiteit en gelyke geleenthede.
 - B Aanmoediging van diskriminasie in die werkplek.
 - C Beperking van werknemervoordele.
 - D Ignorering van arbeidsmarkwanbalanse.
25. In reaksie op veranderende verbruikersgedrag, hoe het Suid-Afrikaanse besighede hul bemarkingsstrategieë aangepas?
- A Ignoreer digitale bemarkingskanale.
 - B Omhels aanlyn en sosiale media platforms.
 - C Vermyn kliëntbetrokkenheid.
 - D Maak uitsluitlik op tradisionele advertensiemetodes staat.

26. Watter bemarkingstrategie het prominensie in Suid-Afrika verkry om omgewingskwessies aan te spreek en volhoubare praktyke te bevorder?
- A Groen bemarking.
 - B Oormatige gebruik van enkelgebruik plastiek.
 - C Ignorering van eko-vriendelike produkverpakking.
 - D Bevordering van verkwistende verbruik.
27. Watter strategie het belangrikheid in produksiebestuur in Suid-Afrika in reaksie op voorsieningsketting uitdagings verkry?
- A Vermindering van voorraadbestedingspogings.
 - B Implementering van vaartbelynde en vinnige produksiemetodes.
 - C Ignorering van die behoefte aan diversifikasie.
 - D Uitsluitlike staatmaking op tradisionele produksie modelle.
28. 'n Strategie wat Wimpy op alle vlakke en in alle afdelings van die onderneming kan implementeer om te verseker dat alle werknemers die vereiste standaard handhaaf, word _____ genoem.
- A standaardafwyking
 - B marknavorsing
 - C werknemer beheer
 - D totale gehaltebestuur
29. Watter rol speel die Wet op Beroepsgesondheid en -veiligheid in die regulering van produksieprosesse in Suid-Afrika?
- A Moedig onveilige werksomstandighede aan.
 - B Prioritiseer werknemerwelstand en -veiligheid.
 - C Ignoreer werkplekgevaar.
 - D Ondermyn veiligheidstandaarde.
30. Hoe het die kwessie van diversiteit en insluiting 'n fokuspunt vir MH-praktyke in Suid-Afrika geword?
- A Bevordering van diskriminerende aanstellingspraktyke.
 - B Vermydning van diversiteitsinisiatiewe.
 - C Verwelkoming van inklusiwiteit en gelyke geleenthede.
 - D Ignorering van kulturele verskille.

UNIVERSITY OF THE FREE STATE APPLICATIONS 2026

**NOW
OPEN**

READY TO MAKE AN IMPACT?

Join a university that's dedicated to shaping the leaders of tomorrow. Whether you're drawn to the arts, sciences, law, health, or any of our diverse fields of study, UFS is where your potential can truly unfold.

WHY CHOOSE UFS?

Innovation and Excellence: Our dynamic academic programmes across **seven faculties** are designed to push the boundaries of knowledge and innovation.

Inclusivity and Diversity: UFS prides itself on creating a vibrant, inclusive community where every student is valued and supported.

World-Class Facilities: From cutting-edge laboratories to extensive libraries and sports facilities, our campuses are equipped to support your academic journey and personal growth.

Community and Belonging: At UFS, you're more than just a number. You're part of a family committed to kindness, respect, and character.

APPLICATION DETAILS:


Opening Date: Applications for all undergraduate programmes at the Bloemfontein and Qwaqwa campuses are open as of **1 April, 2025**.

Closing Dates: Please note the specific closing dates for various faculties and programmes, detailed in our prospectus and on our website.

How to Apply: Visit apply.ufs.ac.za to start your application process. It's quick, easy, and free!

#ChooseUFS #FutureLeaders #ApplyNow #FutureFocused

SCAN ME



Don't miss your chance to be part of the UFS family in 2025. Apply now and take the first step toward a bright, impactful future. **For more details on our programmes, admission requirements, and how to apply, please visit our**



T: +27 51 401 9111 | E: info@ufs.ac.za | www.ufs.ac.za

*Inspiring excellence,
transforming lives
through quality,
impact, and care.*

**Kovsie
2B**

VISION 130
Renew and Reimagine
for 2034

UNIVERSITY OF THE
FREE STATE
UNIVERSITEIT VAN DIE
VRYSTAAT
YUNIVESITHI YA
FREISTATA



UFS
STUDENT RECRUITMENT
SERVICES

Vak: Besigheidstudies

Wetgewing en Eise vir Regstelling en Billikheid

Gebruik die inligting hieronder en beantwoord die vraag wat volg.

Artikel 19(3) van die IVBPR bepaal soos volg: “Die uitoefening van die regte op [vryheid van spraak], hou spesiale pligte en verantwoordelikhede in. Dit kan dus aan sekere beperkings onderworpe wees, maar dit sal slegs die wees wat deur die wet bepaal word en nodig is, (a) Vir respek vir die regte of reputasie van ander; (b) Vir die beskerming van nasionale veiligheid of van openbare orde of van openbare gesondheid of sedes.”

(<http://constitutionnet.org>)

1. Waarvan is die uittreksel hierbo 'n voorbeeld?
 - A Etiese kode.
 - B Beperkingsklousule.
 - C Gedragssklousule.
 - D Wet op Arbeidsverhoudinge.
2. Onder die Wet op Basiese Diensvoorwaardes (WBDV) in Suid Afrika, watter van die volgende is waar met betrekking tot werksure vir werknemers?
 - A Daar kan van 'n werknemer verwag word om meer as 45 uur in 'n week te werk sonder oortydbetaling.
 - B Nagwerk word beskou as enige werk wat tussen 18:00 en 06:00 uitgevoer word.
 - C Werknemers is geregtig op 'n etenspouse van minstens 30 minute na vyf opeenvolgende ure se werk
 - D 'n Werknemer moet elke twee weke minstens 36 opeenvolgende ure rus kry.
3. Watter van die volgende is 'n sleuteldoelwit van die Wet op Gelyke Indiensneming in Suid Afrika?
 - A Om te verseker dat alle werknemers elke week dieselfde aantal ure werk.
 - B Om gratis gesondheidsorgvoordele aan alle werknemers te verskaf.
 - C Om 'n minimum loon vir alle werknemers te waarborg.
 - D Om gelyke geleenthede en billike behandeling in indiensneming te bevorder deur die uitskakeling van onbillike diskriminasie.

Menslike Hulpbron Funksie

Gebruik die inligting hieronder en beantwoord Vrae 4, 5 en 6.

Alex, ons bied graag vir jou die pos aan met 'n jaarlikse pakket van ZAR 600 000. Dit sluit die volgende in:

- **Basiese salaris:** ZAR 400 000
- **Behuisingstoelae:** ZAR 50 000
- **Mediesefondsbydrae:** ZAR 30 000
- **Aftreefondsbydrae:** ZAR 20 000
- **Prestasie bonus:** ZAR 50 000
- **Ander voordele:** ZAR 50 000

4. Watter tipe vergoedingstruktuur ontvang Alex?
 - A Koste plus voordele.
 - B Bruto salarisstruktuur.
 - C Koste vir maatskappy.
 - D Netto salarisstruktuur.
5. Wat is Alex se netto salaris?
 - A R400 000
 - B R600 000
 - C R550 000
 - D R570 000
6. Oorweeg die impak van die Werkloosheidsversekeringsfonds (WVF) op beide werkgewers en werknemers. Watter van die volgende beskryf die beste hoe die WVF die arbeidsmark en die ekonomie in Suid Afrika bevoordeel?
 - A Die WVF verseker dat alle werknemers hul volle salaris ontvang gedurende tydperke van werkloosheid en handhaaf sodoende hul lewenstandaard sonder enige finansiële spanning.
 - B Die WVF vereis hoër bydraes van werknemers as van werkgewers, om sodoende te verseker dat werknemers meer beheer oor die fonds se voordele en verspreiding het.
 - C Die WVF fokus uitsluitlik daarop om kraamvoordele aan vroulike werknemers te verskaf en sodoende geslagsgelykheid in die werkplek te bevorder.
 - D Deur tydelike finansiële bystand aan werklose werkers te verskaf, help die WVF om die ekonomie te stabiliseer tydens afswaai en verminder dit die onmiddellike druk op openbare welsynstelsels.

Professionaliteit en Etiek

7. In 'n professionele omgewing, waarom is die handhawing van 'n hoë vlak van professionaliteit belangrik vir beide persoonlike loopbaangroei en die algehele sukses van die organisasie?
 - A Professionaliteit verseker dat alle werknemers reëls streng nakom sonder uitsondering, wat die behoefte aan buigsaamheid en kreatiewe probleemoplossing uitskakel.
 - B Demonstrasie van professionaliteit help individue om 'n positiewe reputasie op te bou, die vertroue van kollegas en kliënte te verdien en bied geleenthede vir loopbaanbevordering en leierskaprolle.
 - C Professionaliteit stel werknemers in staat om dit te vermy om verantwoordelikheid vir foute te neem en sodoende persoonlike aanspreeklikheid en stres in die werkplek te verminder.
 - D Die handhawing van professionaliteit fokus hoofsaaklik op die afdwinging van streng kleredragkodes en formele kommunikasiestyle, om sodoende 'n eenvormige korporatiewe beeld te verseker.
8. Watter van die volgende scenario's verteenwoordig 'n voorbeeld van etiese wangedrag in sakebedrywighede?
 - A Maatskappy-bestuurders steun regeringsamptenare om regulasies te skep wat hul bedryf bevoordeel.
 - B 'n Besigheid wat mededingende pryse bied deur koste te sny deur volhoubare praktyke.

- C Versuim om potensiële risiko's wat verband hou met 'n nuwe produk tydens die bekendstellingsfase bekend te maak.
- D Gebruik aggressiewe bemarkingstaktieke om marktaandeel te oorheers, insluitend misleidende aansprake oor mededingers.

Gebruik die uittreksel hieronder om Vraag 9 te beantwoord.

Sarah werk as 'n bemarkingsassistent by 'n klein advertensie-agentskap. Sy is talentvol en entoesiasies oor haar werk, maar die afgelope tyd voel sy ongemaklik by die kantoor. Een van haar kollegas, James, wat 'n senior grafiese ontwerper is, het onvanpaste opmerkings oor haar voorkoms begin maak en probeer kort-kort aan haar skouer of rug raak wanneer hy by haar lessenaar verbyloop. Aanvanklik het Sarah dit senuweeagtig afgelag en gehoop dat dit sou ophou, maar dit het aangehou en haar al hoe meer onrustig gemaak. Sy beleef konflik omdat James baie gewild is in die kantoor en sy wil nie moeilikheid maak nie.

- 9. In die senario wat beskryf word ervaar Sarah gedrag wat neerkom op seksuele teistering in die werkplek. Watter opsie hieronder definieer seksuele teistering die beste in hierdie konteks?
 - A Enige gedrag wat Sarah ongemaklik laat voel, al word dit nie so bedoel en herhaal nie.
 - B Onwelkome verbale of fisiese gedrag van 'n seksuele aard wat 'n intimiderende, vyandige, of aanstootlike werksomgewing skep
 - C Komplimente oor Sarah se voorkoms van 'n kollega, selfs al is dit selde en gaan nie gepaard met fisiese kontak nie.
 - D Soms maak 'n kollega grappies oor persoonlike onderwerpe, al is dit nie uitdruklik seksueel van aard nie.

Kreatiewe Denke en Probleemoplossing

Los die laterale denkraaisels hieronder vir Vrae 10, 11 en 12 op.

- 10. 'n Wortel, 'n serp, en vyf stukke steenkool word op jou buurman se grasperk gevind. Niemand het die items op die grasperk gesit nie, maar daar is 'n eenvoudige, logiese rede hoekom dit daar is. Wat is die rede?
 - A Die items het uit die inkopiesak geval.
 - B Die hond het die items uitgesleep om te eet.
 - C Die items is deur kinders gebruik om 'n sneeuman te bou wat nou gesmelt het.
 - D 'n Kind het die items aangetrek om te speel
- 11. 'n Man stoot sy motor totdat hy by 'n hotel uitkom. Toe hy daar aankom, raak hy bankrot. Wat het gebeur?
 - A Sy motor se brandstof het opgebraak.
 - B Hy speel Monopoly en sy stuk is die kar.
 - C Hy is die hoteleienaar en gaan bank toe.
 - D Nie een van die bogenoemde nie.

12. Die geluid van Brian se gesnork is gewoonlik net irriterend, maar vandag veroorsaak dit skrik en paniek. Hoekom?
- A Brian loop in sy slaap.
 - B Brian is die naam van 'n bus.
 - C Brian is die naam van 'n troeteldierbeer.
 - D Brian is 'n busbestuurder.

Uitdagings in die Makro-omgewing

Gebruik die inligting hieronder en beantwoord Vrae 13 en 14.

Volgens die Departement van Energie is April 'n belangrike maand in die brandstofpryskalender om pad- en pypleidingstariewe, sowel as brandstof- en Padongelukkefonds (POF) heffings te hersien wat in die prysstrukture van petrol, diesel en verligtingsparaffien (IP) geïmplementeer moet word.

(<https://businesstech.co.za/news/energy/308090/hier-is-die-amptelike-petrolprys-vir-april-2019>)

13. Identifiseer die sosiale uitdaging wat deur die inligting hierbo geskep word.
- A Verminderde druk op burgers se inkomste, wat lei tot 'n verhoging in lewenstandaard en afname in armoede.
 - B Verhoogde druk op burgers se inkomste, wat lei tot 'n afname in lewenstandaard en 'n toename in armoede.
 - C Meer werkseleenthede word geskep, wat lei tot 'n verhoogde lewenstandaard.
 - D Internasionale beleggers sien Suid Afrika as 'n gunstige en stabiele ekonomie.
14. Wat kan 'n moontlike oplossing vir kleinhandelondernemings wees in reaksie op die uitdaging hierbo genoem?
- A Skuif fabrieke verder van kleinhandelwinkels af om vervoerkoste te verhoog.
 - B Neem deel aan 'n onbeskermdesaking.
 - C Skuif vervaardigingsfabrieke nader aan kleinhandelwinkels om vervoer van goedere te beperk.
 - D Onderhandel vir 'n laer petrolprys van 'n plaaslike verskaffer.

Menseregte, Inklusiwiteit en Omgewingskwessies

15. Die tornado in Durban in Mei 2024 is veroorsaak deur koue lug wat na die kus beweeg het en warm lug uit die oseane getref het. Die koste van die skade was na raming sowat R_____ in Durban en beraamde _____ huishoudings is geraak.
- A 1,3 miljard en 7 000 huishoudings
 - B 4,8 miljoen en 5 600 huishoudings
 - C 28 miljoen en 12 300 huishoudings
 - D 1 miljoen en 100 000 huishoudings
16. Tot hoeveel het die Mpox-dodetal in Suid Afrika in Junie 2024 gestyg?
- A 5
 - B 1
 - C 3
 - D 8

17. Watter van die volgende scenario's illustreer die beginsel van universaliteit in menseregte die beste?
- A 'n Land beperk vryheid van spraak gedurende tye van politieke onrus om die openbare orde te handhaaf.
 - B 'n Multinasionale korporasie werk in verskillende lande en voldoen aan plaaslike arbeidswette wat baie verskil in terme van werkersregte.
 - C 'n Internasionale organisasie pleit vir die afskaffing van kinderarbeid wêreldwyd, met verwysing na die inherente waardigheid van elke kind.
 - D 'n Regering verleen stemreg slegs aan burgers wat eiendom besit, met die argument dat dit verantwoordelike burgerlike deelname verseker.

Strategieë om op uitdagings te reageer

18. Wat is 'n sleutelpraktyk om goeie verhoudings met verskaffers te handhaaf?
- A Om fakture stiptelik en konsekwent te betaal.
 - B Onderhandel vir die laagste moontlike pryse vir goedere en dienste.
 - C Versoek gereelde afslag op grootmaatbestellings
 - D Om gereeld van verskaffers te verander om beter aanbiedings te kan kry.
19. In die konteks van besigheidstrategieë, watter stelling kenmerk 'n laekostestrategie die beste?
- A Maksimering van winsmarges deur premium prysstrategieë.
 - B Onderskei produkte deur middel van unieke kenmerke en ontwerpe.
 - C Fokus op die vermindering van produksie- en bedryfskoste om mededingende pryse aan te bied.
 - D Teiken gegoede klante met luukse goedere en persoonlike dienste.

Spanprestasie en Konflikbestuur

20. Jy is 'n spanleier van 'n projek waar twee spanlede, Alice en Bob, konstant bots oor verskillende benaderings om 'n kritieke taak op te los. Ten spyte van jou pogings om te bemiddel, duur hul konflikte voort en beïnvloed dit spanmoraal. Watter van die volgende strategieë sal hierdie situasie die beste aanspreek met die fokus op 'n langtermynoplossing?
- A Fasiliteer 'n spanvergadering om die onderliggende kwessies openlik te bespreek en samewerkende probleemoplossing aan te moedig.
 - B Skei Alice en Bob se take om interaksie en potensiële konflikte tot die minimum te beperk.
 - C Rig 'n formele waarskuwing aan Alice en Bob oor die gevolge van hul voortgesette konflikte.
 - D Ignoreer die konflikte tydelik en fokus op die voltooiing van die taak om spertye te haal.
21. Wat word beklemtoon deur Wêreldwye Bewustheid Bevoegdheid ?
- A Begrip van plaaslike gebruike en tradisies.
 - B Erkenning van en respek vir kulturele diversiteit wêreldwyd.
 - C Bemeester 'n vreemde taal.
 - D Gebruik internasionale sakepraktyke vir wins.

22. Identifiseer die spanteorie wat deur die volgende stelling beskryf word:
Mense kan in sielkundige tipes gekategoriseer word wat aandui hoe hulle verkies om op te tree en interaksie te hê.
- A Belbin-Rolteorie.
 - B Jungiaanse Teorie.
 - C MTR-i Teorie.
 - D Groep Konsensus Teorie.

Besigheidsomgewings en Sektore

23. In die konteks van Porter se Vyf Kragte-raamwerk, watter faktor beoordeel die vlak van wedywering tussen bestaande mededingers in 'n bedryf?
- A Bedreiging van nuwe toetreders.
 - B Mededingers in die bedryf en intensiteit van mededinging.
 - C Bedingingsmag van verskaffers.
 - D Bedingingsmag van kopers.
24. Watter sektor(e) word deur BBSEB (BBBEE)-wette beïnvloed?
- i. Primêre sektor.
 - ii. Sekondêre sektor.
 - iii. Tersiêre sektor.
 - iv. Openbare maatskappye in die tersiêre sektor.
 - v. Privaat maatskappye in die sekondêre sektor.
- A i, ii, iii, iv, v
 - B i, ii, iii
 - C i, ii
 - D v

Bestuur en Leierskap

25. Wat is die primêre verantwoordelikheid van 'n bestuurder?
- A Uitvoer van tegniese take vir die span.
 - B Neem alle besluite sonder om spanlede te raadpleeg.
 - C Delegering van take en verantwoordelikhede aan spanlede.
 - D Vermoë interaksie met spanlede om gesag te behou.
26. Wanneer sal 'n outokratiese leierskapstyl gepas wees?
- A In 'n krisis.
 - B Wanneer 'n nuwe beleid oor personeelkommunikasie geïmplementeer word.
 - C Wanneer insette van verskeie departemente oor nuwe reëls in die werkplek vereis word.
 - D Wanneer bonusse 'n beloning aan personeel is.

Kwaliteit Prestasie

27. Dui aan of die volgende stelling waar of onwaar is. Indien onwaar, korrigeer die term in **vetdruk**.

Drie basiese beginsels van **Balanstellingkaart (BSC)** is: Bevredig die kliënt, bevredig die verskaffer en bevredig bestuur.

- A Waar
- B Onwaar, TGB
- C Onwaar, OOB
- D Onwaar

28. Wat is die strategiese voordeel van mededingende maatstaf in die konteks van besigheidstrategie?

- A Identifisering van areas van swakheid om binne die organisasie aan te spreek.
- B Stel ambisieuse finansiële teikens vir die komende boekjaar.
- C Vestiging van langtermyn-vennootskappe met sleutelbelanghebbendes in die bedryf.
- D Verkry insig in mededingerstrategieë en bedryfsdoeltreffendheid.

29. Watter van die volgende is 'n verantwoordelikheid van direkteure volgens die King-kode?

- A Fidusiêre diens.
- B Die plig om met die nodige sorg en vaardigheid op te tree.
- C Hulle moet altyd 'n etiese leierskapstyl aanneem.
- D Al bogenoemde.

30. Watter van die volgende beskryf die primêre voordeel van die gebruik van 'n Gebalanseerde Telkaart die beste?

- A Dit vereenvoudig finansiële verslagdoening en ontleding deur slegs op finansiële maatstawwe te fokus.
- B Dit bied 'n omvattende siening van prestasie oor verskeie strategiese perspektiewe.
- C Dit verseker dat alle werknemers gelyke vergoeding ontvang op grond van prestasiemaatstawwe.
- D Dit maak voorsiening vir vinnige aanpassings in operasionele strategieë gebaseer op intydse data.

BESIGHEIDSSTUDIES
GRAAD 12
RONDE 1 & 2

2023

VORIGE VRAESTEL

PROVERTO EMS OLYMPIAD 2023 – GRAAD 12

BESIGHEIDSTUDIES

RONDE EEN

KIES DIE MEES KORREKTE OPSIE VIR VRAE 1 TOT 30.

IMPAK VAN ONLANGSE WETGEWING OP BESIGHEID – REAKSIE OP EISE VIR REGSTELLING EN BILLIKHEID

1. 'n Werknemer in Suid-Afrika mag 'n maksimum van ____ werk.
 - A 8 uur per dag in 'n 5-dag week
 - B 9 uur per dag in 'n 5-dag week
 - C 9 uur per dag in 'n 6-dag week
 - D 10 uur per dag in 'n 6-dag week
2. Watter een van die volgende dui daarop dat 'n maatskappy aan die Wet op Breëbasis Swart Ekonomiese Bemagtiging (BBSEB) 53 van 2003 voldoen?
 - A Verseker dat voorheen benadeelde werknemers werksomstandighede het wat aan minimum vereistes voldoen.
 - B Om werkvoorkeur aan vroulike werkers toe te ken.
 - C Direkte bemagtiging van voorheen benadeelde werknemers deur 'n aandeel in eienaarskap.
 - D Verseker dat voorheen benadeelde gestremde werknemers fisiese toegang tot kantore het.
3. Die POPI-wet is onlangs in Suid-Afrika ingestel en vorm deel van die _____ sektor.
 - A politieke
 - B wetlike
 - C etiese
 - D fisiese
4. Een van die spesifikasies van die WBDV is dat werkers vir werk op _____ dubbelbetaling moet ontvang.
 - A bestuursprojekte
 - B Sondae
 - C gevaarlike projekte
 - D Saterdag

PROFESSIONALISME EN ETIEK

5. As die direkteur van Pick n Pay weens binnehandel uit sy/haar posisie in die maatskappy bedank, toon hulle _____.
 - A sinergie.
 - B aanspreeklikheid.
 - C skadeloosstelling.
 - D vertikale integrasie.

6. Die volgende stelling is ONWAAR. Korrigeer die onderstreepte woorde om dit WAAR te maak.
Nuttigheidsteorie is die etiese teorie wat gebaseer is op die idee dat die doel die middele heilig.
- A Gevolggebaseerde teorie.
 - B Narratiewe teorie.
 - C Beginselgebaseerde teorie.
 - D Teologiegebaseerde teorie.
7. 'n Bekende kleinhandelketting het die volgende in hul jaarverslag gepubliseer:
 “Doeltreffende bestuur word beskou as 'n belangrike komponent en bydraer tot die groep se volgehoue prestasie, wat dit verpligtend maak ongeag die finansiële posisie waarin die maatskappy hom bevind.”
- Hierdie benadering tot etiek is ____
- A 'n Narratiewe teorie.
 - B 'n Gevolggebaseerde teorie.
 - C volgens 'n Beginselgebaseerde teorie.
 - D geen van die bogenoemde nie.
8. Hierdie dokument gee 'n uiteensetting van die verwagte gedrag van werknemers, insluitend kleredrag en stiptelikheid.
- A Etiese kode.
 - B Wet op Arbeidsverhoudinge.
 - C Gedragskode.
 - D Dienskontrak.
9. _____ is die nie-openbaarmaking van inkomste om minder belasting te betaal.
- A Belastingvermyding
 - B Belastingaftrekking
 - C Belastingontduiking
 - D Belasting skuldbriewe

KREATIEWE DENKE EN PROBLEEMOPLOSSING

10. Watter probleemoplossingstegniek sal 'n onderneming gebruik as dit 'n etiese oorweging van die kwessies wat ter sprake is, vereis?
- A TGB
 - B RIMS
 - C BSC
 - D SSGB
11. Watter elemente is in SCAMPER as 'n probleemoplossingstegniek teenwoordig?
- A Scramble, Combine, Amplify, Modern, Put to another use, Eliminate, Reverse.
 - B Substitute, Calculate, Amplify, Modify, Pattern, Eliminate, Reverse.
 - C Substitute, Combine, Adapt, Modern, Pattern, Elaborate, Reverse.
 - D Substitute, Combine, Adapt, Modify, Put to another use, Eliminate, Reverse.

12. Identifiseer die volgende bekende kreatiewe denker en identifiseer waarvoor hy bekend is.



Figuur 1: <https://en.wikipedia.org/wiki/>

- A Steve Jobs, uitvinder, ontwerper en entrepreneur vir Microsoft.
B Steve Jobs, uitvinder, ontwerper en entrepreneur vir Apple.
C Elon Musk, uitvinder, ontwerper en entrepreneur vir Apple.
D Elon Musk, uitvinder, ontwerper en entrepreneur vir Tesla.
13. Die volgende uittreksel is 'n voorbeeld van watter tipe teorie wat in ag geneem moet word wanneer kreatiewe denke in 'n diverse werkplek toegepas word?
- Die gees van die Afrika-wêreldbeskouing sluit heelheid, gemeenskap en harmonie in, wat diep in die kulturele waardes vasgelê/gewortel is.*
- A Inheemse denke.
B Kragveld analise.
C Aansporingsdenke.
D Beperkende kragte.
14. Kies die mees korrekte volgorde van die stappe in probleemoplossing:
1. Versamel en ontleed alle inligting.
 2. Identifiseer moontlike oplossings.
 3. Identifiseer besluitnemingsfaktore.
 4. Definieer die probleem.
 5. Monitor en beheer/kontroleer die besluit.
 6. Ontwikkel en implementeer 'n aksieplan.
- A 4, 1, 3, 2, 6 en 5
B 1, 4, 3, 2, 5 en 6
C 3, 4, 2, 1, 5 en 6
D 4, 3, 1, 2, 6 en 5

UITDAGINGS VAN DIE MAKRO SAKE-OMGEWING

15. Op 1 April 2022 het die korporatiewe belastingkoers in Suid-Afrika ____
- A tot 27% gedaal.
 - B onveranderd op 28% gebly.
 - C tot 29% verhoog.
 - D tot 30% verhoog.
16. Watter van die volgende werknemers het nie die reg om te staak nie?
- A Onderwysers/opvoeders en die Onderwysdepartement.
 - B Die Nasionale Weermag.
 - C Fabriekswerkers.
 - D Bestuur in besighede.
17. _____ is onverwagte en onbeplande gebeure en gebeurtenisse.
- A Tendense
 - B Krisisse
 - C Strategieë
 - D Integrasies
18. Die prima rentekoers van Suid-Afrika was gedurende die grootste gedeelte van 2021 op 'n 50-jaar laagtepunt. Na watter persentasie word verwys?
- A 6.75%
 - B 7.00%
 - C 7.25%
 - D 7.50%
19. Swak ekonomiese groei, beperkende arbeidsregulasies en 'n gebrek aan vaardighede en onderwysontwikkeling het tot grootskaalse werkloosheid in Suid-Afrika bygedra. Wat was Suid-Afrika se werkloosheidsyfer gedurende kwartaal 3 van 2021 (K3, 2021)?
- A 28.4%
 - B 34.9%
 - C 39.2%
 - D 44.7%

BURGERSKAP ROLLE EN VERANTWOORDELIKHEDE

20. Die _____ is 'n nie-winsgedrewe globale organisasie wat verslagdoening oor volhoubaarheidskwessies bevorder deur die skepping van 'n volhoubaarheid verslagdoeningsraamwerk.
- A GRI
 - B SABS
 - C SAID
 - D FTE/SRI
21. Werkplekforums kan gestig word indien die onderneming hierdie hoeveelheid werknemers in diens het.

- A 50
- B 100
- C 500
- D 1 000

22. _____ is die poging om die politieke-, taal- of kulturele verskille tussen lande te verstaan om sodoende te verhoed dat aannames oor ander partye gemaak word.

- A Organisatoriese bewustheid
- B Wêreldwye bewustheid
- C Globalisering
- D Materialisme

BESIGHEIDSFUNKSIES

23. Watter van die volgende beskryf die doel van onderhoudvoering met 'n nuwe werknemer?

- A Om die werknemer die geleentheid te gee om vrae oor die onderneming te stel.
- B Om meer besonderhede te verkry rakende inligting wat in die CV verskaf word.
- C Om die kandidaat persoonlik te ontmoet en te bepaal of hulle by die besigheid sal inpas.
- D Al die bogenoemde.

24. Watter van die volgende is NIE 'n byvoordeel nie?

- A Reistoelaag
- B Mediese fonds
- C LBS
- D Pensioen

25. As die Menslike Kapitaal bestuurder moet jy seker maak dat 'n kontrak tussen die onderneming en die nuwe werknemer onderteken word. Noem die wet waarop jy die kontrak sou baseer.

- A Arbeidswetgewing.
- B Wet op Vaardigheidsontwikkeling.
- C Wet op Indiensneming.
- D Wet op Basiese Diensvoorwaardes.

26. Die keuse van die korrekte verskaffers van goedere en dienste teen die beste moontlike prys, terwyl die vereiste gehalte in gedagte gehou word, is deel van Shoprite se _____ funksie.

- A finansiële
- B produksie
